

30 Junie 2011

Jaargang 4 – Uitgawe 21

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Opofferende liefde

***Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete. (Matteus 7: 12)***

In Spanje was daar in 'n stadium hewige wedywing tussen die mense van Katalane en die mense van Madrid. Katalane het geveg vir hul onafhanklikheid van 'n Madrid gedomineerde Spanje.

Die twee stede het elk 'n wêreldberoemde tenoor opgelewer. Placido Domingo was van Madrid en José Carreras van Katalane. Vir dié bepaalde politieke redes het Domingo en Carreras in 1984 vyande geword.

Albei was wêreldwyd bekend en geliefd by groot gehore, maar in albei se kontrakte was 'n bepaling dat elkeen slegs sal optree indien die ander een NIE genooi was nie. Saam sou hulle nie op een verhoog verskyn nie.

In 1987 kry Carreras met 'n ander vyand te doen, wat sterker teen hom wedywer as Domingo – hy word gediagnoseer met leukemie. Die stryd teen kanker was heftig. As gevolg van 'n beenmurgoorplanting en vele bloedoortappings moes Carreras een keer per maand na die VSA vlieg. Dit was onmoontlik om onder hierdie omstandighede sy konsertoptredes voort te sit. Hy kon dus nie meer 'n inkomste verdien nie. Alhoewel hy redelik welaf was, het die baie vlugte, medikasie en behandeling sy finansiële bronne uitgeput.

Dis tóé dat Carreras te hore kom van 'n Stigting in Madrid, met die uitsluitlike doel om mense met leukemie te help en te ondersteun. Danksy die hulp en ondersteuning vanuit dié Hermosa-stigting, kon Carreras sy siekte oorwin en terugkeer na sy lewe van sang en optrede. Toe hy genees was, het hy probeer om by die Stigting aan te sluit.

In die fyn skrif kom hy toe agter dat die stigter, die alleenbydraer en president van die Stigting, niemand anders was nie as Placido Domingo. Hy het later uitgevind dat Domingo die Stigting in die lewe geroep het juis om Carreras te help met sy behandeling. Hy het egter verkies om anoniem te bly, omdat hy Carreras nie wou verneder met die hulp wat van sy vyand af kom nie.

Die hartroerendste van die verhaal was toe hulle mekaar weer die eerste keer daarna ontmoet. Tot Domingo se verbasing, daag Carreras toe by een van sy optredes in Madrid op. Carreras het Domingo se optrede onderbreek, op die verhoog geklim en voor Domingo se voete gekniel. Hy het hom om vergifnis gevra en hom in die openbaar bedank. Domingo het hom opgehelp en die twee tenore het hul nutte gevonde vriendskap beseël met 'n druk van vriendskap.

By 'n persverklaring het 'n verslaggewer aan Domingo gevra hoekom hy die Hermosa-stigting in die lewe geroep het om sy vyand en mededinger te help. Domingo se antwoord was kort en beslis: *We cannot afford to lose a voice like that!*

Daar is hoop, as 'n mens hoor dat in die wêreld buite die kerk om gehoor gegee word aan die opdrag van die Skrif: *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete (Matt 7:12)*. Mag ons, wat ook 'n af-etsing van die kerk is, in hierdie dae soortgelyke opofferende liefde wys en leef!



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

**Ds Hennie Nel, Potgietersrus**

## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Ds Werner Venter

### Beroep ontvang

- **Ds Werner Venter** van Schoemansdal na Ebenhaézer (Ellisras)

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Prof Bart Oberholzer** het op Dinsdag 28 Junie 'n operasie in die Zuid-Afrikaans Hospitaal in Pretoria ondergaan. Hy word sterkte toegebied met die herstel. Sterkte ook aan mev Jienie Oberholzer wat hom getrou bystaan en versorg.
- **Oudl Willie van Schoor**, lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), het 'n geslaagde knieervangingsoperasie ondergaan. Hy sterk tuis aan. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe. Willie is die vader van dr Wimpie van Schoor van Gemeente Primrose-Oos.
- Die dankdiens van **prof Ben Engelbrecht** het op Maandag 27 Junie in die kerkgebou van Gemeente Wonderboom plaasgevind en is gelei deur dr Christo Pretorius, prof Ben en mev Rina Engelbrecht se predikant. Prof Bart Oberholzer het 'n waarderingwoord namens die Kerk en die Universiteit van Pretoria gespreek. Dank word betuig aan die NHSV takke van Wonderboom, Pierneef en Pretoria wat die verversings gratis voorgesit het. Ons bid mev Engelbrecht, hul dogters en kleinkinders die Heer se onderskraging toe.
- Die begrafnis van **ds Hannes Kruger** het op Saterdag 25 Junie vanuit die kerkgebou van Rietvallei plaasgevind en is gelei deur ds Heloïse Herbst, die gesin se predikant. In die lig van die begrafnisreëlings van prof Ben Engelbrecht wat reeds getref was, het ds Kruger se kinders besluit om die begrafnis so gou moontlik te hou. Ds Kruger het in sy lewe die gemeentes Breyten-kombinasie, Krugersdorp-Wes, Durban-Suid, Benoni en Nigel bedien. Meelewing word met sy vrou, Annemarie, sy kinders en kleinkinders betuig. Ds Kruger se liefde vir die Kerk was altyd opvallend. In kerklike kringe sal hy gemis word omdat hy altyd oral waar hy kon, saam met sy vrou teenwoordig was. Sy geliefdes word verseker van die Kerk en sy kollegas se voorbidding.
- **Mev Annemarie Kruger**, haar kinders en kleinkinders wil ook graag almal wat hul meegevoel betuig het met die afsterwe van ds Hannes (JC) Kruger verseker dat hulle dit opreg waardeer.
- Die begrafnis van **ds Ben van Staden** het plaasgevind op Dinsdag 28 Junie vanuit die kerkgebou van Gemeente Selcourt in Springs. Die diens is gelei deur ds Van Staden se predikant, ds Dalene Louwrens. Ds Van Staden sal onthou word as 'n stil en minsame persoon wat altyd onberispelik netjies was op sy persoon. Hy was na sy emeritaataanvaarding altyd bereid om te help met die prediking, wat sy besondere liefde was. Hy het die gemeentes Dullstroom-kombinasie, Bosmansrust-kombinasie, Leeudoringstad, Marikana, Derdepoort, Klerksdorp-Oos, Springs-Oos en Schweizer-Reneke bearbei. Ons bid mev Carma van Staden en die familie die Heer se troos toe.



Ds Hannes Kruger



Ds Ben van Staden

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Julie**, en word hartlik geluk gewens.

- Donderdag 30 Junie: Ds Koos Jansen van Rensburg (emeritus)
- Vrydag 1 Julie: Di Willie Botha (Lydenburg), Marlize Gasson (Benoryn) en Maryka Potgieter (buiteland)
- Saterdag 2 Julie: Di Wynand de Beer (emeritus) en Martin Jansen van Rensburg (Phalaborwa)
- Maandag 4 Julie: Ds Flip Snyders (Noordelike Pietersburg)
- Dinsdag 5 Julie: Prop Carusta van der Merwe (beroepafwagting)
- Donderdag 7 Julie: Ds Marna Naudé (Swartkop)
- Vrydag 8 Julie: Ds Geo Smit (Potchefstroom-Suid)



Ds Werner Olivier

- **Ds Werner Olivier** is op Sondag 26 Junie deur **Gemeente Eendracht** ontvang. Hy is by die geleentheid in sy amp bevestig. 'n Nuwe fase in die bediening van die gemeente het begin, en ds Olivier en die kerkraad sien daarna uit. Die gesin en kerkraad word sterkte met hul werk toegebied.
- **Dr Malan Storm**, skriba van die Kommissie van die AKV, het pas teruggekeer van 'n besoek aan die gemeentes en lidmate in **Namibië**. Hy het die ringsvergadering bygewoon, by die predikante besoek afgelê en verskeie aangeleenthede namens die Kommissie hanteer. Sy vrou, Adri, het hom op die lang motorritte vergesel.
- **Oudl Rinus Graü**, voorsitter van die ouderlingevergadering in **Harare** en ouderling wat die meeste leeseredienste lei in Harare, berig soos volg oor die besoek van ds Thomas Dreyer en sy suster ds Anet Dreyer-Krüger die vorige naweek in Harare en die Laeveld:

*Thomas en Anet was toe hier en dit was 'n besonder lekker geleentheid om saam met hulle en hul gemeentelede te kuier. Ons het Saterdag toerustingseleenthede gehad en gesellig saam verkeer. Sondag het ons Nagmaal gevier waar die twee predikante om die beurt die bediening behartig het. Ds Thomas het die erediens gelei.*

*Die groep het 'n groot bedrag geld in hul onderskeie gemeentes, Rustenburg-Suid en Wapadrant, vir die bediening hier ingesamel. Ons kan nou weer in baie lidmate se behoeftes voorsien vir Junie en Julie. Daar is groot dankbaarheid vir die besoek en die finansiële ondersteuning. Hulle het ook klere en ander goedere vir ons saamgebring.*

*Sondag na die erediens het die groep vertrek na die Laeveld waar ds Anet die Nagmaalbediening die aand sou behartig. Ons hoop om haar 'n volgende keer in Harare te kry om die erediens by te woon. Prof Theuns kan trots wees op sy twee kinders.*

*Ons gemeentes hier in Zimbabwe is regtig bevoorreg om sulke goeie vriende in Christus te mag hê.*

- **Ds Theuns Botha** van Gemeente Ottosdal en sy vrou, Adri, besoek lidmate van **Zimbabwe** vanaf Vrydag 1 Julie vir die volgende week. Ds Theuns sal eerskomende Sondag die erediens in Harare lei en die volgende Sondag in Bulawayo. Hy sal in die besonder moontlikhede vir die verdere bediening van die lidmate in die land ondersoek. Die vertrek van ds Werner Olivier laat opnuut 'n leemte, maar verskeie predikante wat reeds noue bande met die lidmate in Zimbabwe opgebou het, sal op dieselfde basis as in die verlede die lidmate besoek.



Ds Eksteen Botes

- **Ds Eksteen Botes** en sy vrou, Helene, besoek in die nabye toekoms die lidmate in **Paraguay**. Die besoeke word om die beurt deur ds Botes en **dr Gert Malan** gedoen. Dr Malan sal die volgende twee jaar die besoeke behartig. Daar is kennis geneem dat een van die lidmate, Nico Truter, nou ernstig siek is. Hy het kanker en voer sy stryd moedig. Hy word getrou bygestaan deur sy vrou, Cora. Nico is bekend in die Kerk. Hy het vroeër gedien as ouderlinglid van die Kommissie van die AKV. Die Kerk se voorbedding word in die besonder vir Nico en Cora gevra en voortdurend vir al die lidmate daar.
- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Organiserende Sekretaris** by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die Bybelgenootskap wil graag in oorleg met die Kommissie van die AKV 'n opvolger vir ds Jan de Wet aanwys, wat op **1 Desember 2011** of so gou moontlik daarna moet diens aanvaar. Die suksesvolle kandidaat sal by Bybelhuis in Kempton Park werksaam wees. **Sluitingsdatum vir aansoeke:** 22 Julie 2011. Kontak die Administrateur, mnr Kobus Viljoen, by 012 322 8885. Meer inligting oor die profiel kan ook van die Administrateur aangevra word. Stuur aansoeke met CV aan die Mannekragbestuurder (mnr Piet Beukes), Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos [piet@nhk.co.za](mailto:piet@nhk.co.za); faks 086 630 5150. (Vind die volledige advertensie in die *e-Hervormer* van 23 Junie 2011, by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) → e-Hervormer → argief.)
- **Gemeentes se inligting vir die Almanak** van 2012 moes die Sinodale Kerkkantoor reeds teen 31 Mei bereik het. 'n Versoek dat die besonderhede teen Maandag 20 Junie op die laatste gestuur moes word, was ook net gedeeltelik suksesvol. **Die inligting van 117 gemeentes en 24 ringe is steeds uitstaande!** Dit is gemeentes se verantwoordelikheid om korrekte en opgedateerde inligting vir opname in die *Almanak* te voorsien, om te voorkom dat die ou inligting bloot herhaal word. Stuur die besonderhede asseblief **voor 15 Julie 2011** aan mev Karen Breedt by faksnommer 012 320 3279 of [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za).
- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by [nhkdullstroom@yahoo.com](mailto:nhkdullstroom@yahoo.com) of 072 116 3353.
- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim, nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parking, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

## Toere

- **26 tot 30 September: 2011 Konteks-toer na Laeveld**  
Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**  
Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448  
of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

## Kompetisies tot einde Julie 2011

- **Gemeente Roedtan: Roedtan Buffeljagkompetisie**  
**1ste prys:** 4 dae jag op luukse jagplaas vir 10 persone  
1 buffelkoei, 1 blouwildebees, 1 koedoe, 1 blesbok, 2 rooibokramme,  
1 rooibokkooi (boogjagters welkom)  
**2de prys:** Voëljag met akkommodasie vir 10 persone op luukse jagplaas vir 'n naweek



Kaartjie R60, **trekking 31 Julie**

Kontak ds Thys Redlinghuys, 082 416 7724, faks 086 518 9110,

of [jagkompetisie@gmail.com](mailto:jagkompetisie@gmail.com)

Bankbesonderhede: Absa Spaar Takkode 632005, rekening nommer 924 227 4630

## Basaars en markte tot einde Augustus 2011

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Julie: Gemeente Coligny: Wielefees**  
Hoërskool Coligny se sportgronde met uitstallings en baie eetgoed  
Vrydagaand dans in die skoolsaal – R50 per persoon, **braaivleisete ingesluit**  
Saterdag heelwat aksie met stalletjies, skyfskiet, minikrieket, ens  
**Wiele** – uitstalling van veteraanmotors, 4x4-baan, vierwielmotorfietsbaan  
Wen 'n geslypte diamant of troospryse van kontant teen R40 per kaartjie  
Skakel Kobie by 083 651 2014 of Oelof by 084 206 9523
- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Bronkhorstspuit: Geskenkemark**  
Bespreek **nou reeds** stalletjie vir die dag  
Koste per stalletjie R150 (R180 indien 'n kragpunt benodig word)  
Kontak Alta Bester by 082 936 5289

## ANDER NUUS



Mev Linda Futcher

- Die personeel van die Sinodale Kerkkantoor neem op Donderdag 30 Junie afskeid van **mev Linda Futcher** wat geruime tyd in diens was en debiteure hanteer het. Sy het puik werk gelewer en haar besonder positiewe en vriendelike geaardheid sal veral gemis word.
- Daar is dus nou 'n **vakature** by die Kerkkantoor beskikbaar vir 'n **Debiteure-invorderingsklerk**.

**Vereistes:** Matriek Rekeningkunde; verdere kwalifikasie/opleiding sal 'n aanbeveling wees; ten minste 5 jaar ondervinding in die invordering van debiteure.

**Verdere vereistes:** Pliigsgetrouheid; vermoë om as lid van 'n span te funksioneer; goeie kommunikasie- en organisasievaardighede; rekenaarvaardigheid in MS Office en Accpac.

**Vergoeding:** Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

**Sluitingsdatum:** 15 Julie 2011.

**Navrae en aansoeke:** Aansoeke met CV moet gerig word aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos [mannekrag@nhk.co.za](mailto:mannekrag@nhk.co.za); tel 012 322 8885; faks 012 322 7909.

- **Behuising vir bejaardes:** Daar is tans 'n eenslaapkamerwoonstel beskikbaar te **Annie Schilz, Parkerstraat, Riviera**, teen R180 500. Die woonstelle is naby 'n winkelsentrum, veilige parking en busroetes. Etes word nie ingesluit nie, maar kan voorsien word teen 'n minimale fooi. Die Seniorstuis Dienssentrum is op die perseel en lewer weekliks sosiale programme asook kliniekdienste, vervoer, ensovoorts. Hierdie woonstel is vir 'n selfversorgende bejaarde wat nog baie energie het om betrokke te raak by al die aktiwiteite. 24-uur-versorgingsdienste word deur Ons Tuis verskaf op dieselfde perseel. Vir meer inligting, kontak mev Dalene Hornsveld by 012 329 3707.

- **Die Ondersteuningsraad** het die afgelope jaar vier motors weens diefstal verloor. Daar word tans dringend gesoek na **goedversorgde tweedehandse voertuie** in die prysklas van ongeveer R50 000. Die kilometerlesing moet verkieslik nie 100 000 oorskry nie. Lidmate wat bewus is van beskikbare voertuie kan Mariaan Steenkamp skakel by 012 322 8885. Weens logistieke redes sal slegs voertuie in die omgewing van Pretoria oorweeg kan word.
- **Die Ondersteuningsraad** beskik vanaf 1 Julie 2011 oor die volgende **vakatures**:
  - Programbestuurder (x2); minimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwinst wees; **areas** Vanderbijlpark/Heidelberg/Krugersdorp **en** Rustenburg/Potchefstroom/Klerksdorp
  - Maatskaplike Werker; area Tarlton/Krugersdorp
  - Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp (onmiddellik beskikbaar)

**Vereistes:** Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoep; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by [mariaans@nhk.co.za](mailto:mariaans@nhk.co.za) of Charmaine Fourie by [oraadpb@nhk.co.za](mailto:oraadpb@nhk.co.za), 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Kersfees in Julie.** Die Barnyard-teater in Menlyn bied op Woensdag 6 Julie 'n spesiale **liefdadigheidskonsert vir pensioenarisse** aan. Daar sal kos bedien en (Kers)geskenke uitgedeel word. Alle pensioenarisse, kom geniet **SUPER TROUPERS** teen net R60 (in plaas van die normale R125) per kaartjie. Die deure open om 10:30 en die verrigtinge begin om 12:00. Kontak Marie Odendaal by 012 654 0080.
- **Vakature: Leraar-egpaar: Lewende Gemeente Maputo.** Dit is 'n interkerklike gemeente onder toesig van die NG Kerk in Mosambiek. **Aansoeke sluit op 15 Augustus 2011** en kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoude in September of Oktober 2011. Die aanstellingsdatum is 1 Januarie 2012. Stuur 'n volledige CV na [vida@tvcabo.co.mz](mailto:vida@tvcabo.co.mz) (verkieslik) of pos dit na Posbus 1046, Komatipoort 1340. Navrae aan Gerrie Holtzhausen (00258) 823 828 339 of Horacio da Silva (00258) 844 054 250.
- Volgens die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is die volgende volledige **e-Bybels** nou by [kalahari.net](http://kalahari.net) beskikbaar teen slegs **R68,95**:
  - **Afrikaans (1933/53-vertaling)**
  - **Afrikaans (1983-vertaling)**
  - **Noord-Sotho (2000-vertaling)**
  - **Suid-Sotho (1989-vertaling)**
  - **Tsonga (1989-vertaling)**
  - **Tswana (1970-vertaling)**
  - **Xhosa (1996-vertaling)**
  - **Zulu (1959/97-vertaling)**



## ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die **e-Hervormer** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za), of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads**. Kontak mev Oppermann vir meer inligting.



Thinus van Staden

### Gratis optredes by gemeentes: *Kaggelvuur-konsert*

Op versoek van gemeentes verleng ek my aanbod om gratis by gemeentes op te tree tot einde 2011. Hierdie winter bied ek die program *Kaggelvuur-konsert* aan met verskeie warm temas soos liefde, hoop, geloof. Hou gerus jul dagboek dop vir my lenteprogram met die tema *Sonlig in my sitkamer*. Vir besprekings, skakel Thinus van Staden by 084 589 7035 of stuur 'n e-pos na [wysmydieson@gmail.com](mailto:wysmydieson@gmail.com). Gaan kyk gerus na my musiekvideo *Weerskante van die ruit* op YouTube.

## AGTERBLAD

### Toer die Droom – Fietstoer vir Liefdadigheid

**Toer die Droom, 'n inisiatief van studente van Gemeente Philadelphia, vier vanjaar sy 30ste bestaansjaar, en deur die jare is bewys dat die fietstoer drome waar kan maak.**

Die toer duur twee weke tydens die Julie-vakansie. Ongeveer 40 studente trap saam fiets, en ry van dorp na dorp saam met 'n ondersteuningsvoertuig. Met hul aankoms in elke dorp gaan hulle na besige inkoopiesentrums en neem die plek behoorlik op horings! Hulle was vensters, dans rond en dra sakkies vir donasies, met musiek uit die ondersteuningsvoertuig. Van die fondse wat so ingesamel word, word dan aan die dorp se liefdadigheidsprojekte geskenk. Dit is gemiddeld R6 000 per dag.

Die dorpe se groot besighede word ook genader vir borgskappe, en dié geld gaan dan vir Toer die Droom se projekte. Dit sluit in informele nedersettings en plakkerskampe rondom Pretoria, 'n terapeutiese kamp vir getraumatiseerde kinders, ondersteuning aan die Jakaranda-kinderhuis, en 'n broodaksie. Vir die projekte in Pretoria het die studente baie geld nodig. Om die 30ste bestaansjaar te vier, wil hulle vanjaar R250 000 insamel.

Die toer begin in Pretoria en doen dan die volgende plekke aan:

2 Julie: Witbank	3 Julie: Groblersdal
4 Julie: Phalaborwa	5 Julie: Tzaneen
6-7 Julie: Polokwane	8-10 Julie: Northam
11 Julie: Zeerust	12 Julie: Lichtenburg
13 Julie: Rustenburg	14 Julie: Pretoria

Ondersteun asseblief die studente in hul poging om ons gemeenskappe te verbeter. Vir enige inligting of moontlike borgskappe, kontak Gerrit Steyn (toerleier) by 072 336 6348 of [gerritsteyn22@gmail.com](mailto:gerritsteyn22@gmail.com), of Timo Schutte (bemarking) by 083 426 3599 of [timoschutte@gmail.com](mailto:timoschutte@gmail.com).

**Timo Schutte**



Eerste fietstoer 1981



Fietstoer 2010